


HOOFSTUK 6

Die Evaluering van Vlak 2: Leer



Die evaluering van hierdie vlak meet meer as die positiewe reaksie van die leerder en poog om die verbetering in vaardighede, kennisvermeerdering en gesindheidsverandering, te bepaal (Kirkpatrick, 1998:20; Winfrey, 1999:1). Evaluering op hierdie vlak is moeiliker en meer omslagtig as op vlak 1: reaksie. Metodes wissel van formele tot informele toetsing en groep-assessering tot self-evaluering (Winfrey, 1999:1). Indien moontlik, doen die leerders 'n toets voor die opleiding (*pre-test*) en na afloop van die opleiding (*post test*) om die hoeveelheid leer wat plaasgevind of voorgekom het, te bepaal (Winfrey, 1999:2).

Die riglyne wat Kirkpatrick (1998:40) daarstel vir die evaluering van leer, kan nie in hierdie navorsing toegepas word nie. Kirkpatrick (1998:40) stel voor dat 'n kontrole-groep gebruik moet word (indien prakties moontlik), verskeie toetse geskryf word (byvoorbeeld geskrewe- en prestasietoetse) en dat 100% terugvoer verkry moet word. Die gebruik van 'n kontrole-groep en vooraf toetsing was nie moontlik nie, aangesien hierdie leerders vooraf geen opleiding ontvang het nie en daar te veel veranderlikes was.

In die *Musicianship*-subprojek is verskeie leeraktiwiteite in elke onderrigleeraktiwiteit aangebied. Die doel van hierdie leeraktiwiteite was om die leerders se kennis te vermeerder, hul vaardighede te verbeter en om 'n gesindheidsverandering mee te bring. Vir die doel van hierdie tipe evaluering, in hierdie studie, is Elliott (1995) se konsep van *musicianship* by Kirkpatrick (1998) se evaluering van vlak 2: leer ingeskakel.

Kirkpatrick se siening van hierdie tipe kennis, stem ooreen met dit wat Elliott in gedagte het, wanneer hy na formele kennis verwys. Die ander vier tipes kennis, naamlik prosedurele, informele, intuïtiewe en prosesrigtende musikale kennis, kan vergelyk word met die verbetering

van vaardighede. Let wel, dit sluit nie net fisiese vaardighede in nie, maar ook reflektoring-in-aksie en kennis-in-aksie. Om 'n gesindheidsverandering te bewerkstellig, is dit nodig om respek vir 'n medemens te hê. Dit sluit kultuur, en dus musikale praktyk in. Deur dus kennis oor verskillende musikale praktyke te verwerf en die musikale praktyke te verstaan, word wedersydse respek gekweek. Sodoende kan 'n gesindheidsverandering teweeggebring word. Die konsep van *musicianship* skakel dus in by die evaluering van vlak 2: leer.

Musikale ervaring word vergestalt in 'n musiseerder se musikale aksies (kyk 2.1.1), terwyl *musicianship*, soos Elliott (1995:53) verduidelik, óók weerspieël word in 'n musiseerder se musikale aksies (kyk 2.2). Dus, voordat *Musicianship* op vlak 2: leer geëvalueer kan word, moet *musicianship* eers deur musikale ervaring geaktiveer wees. Vir die doel van hierdie studie, sal die evaluering van leeraktiwiteite dus op die teenwoordigheid van musikale ervaring fokus. Evaluering van ervaring is problematies omdat dit nie tasbaar vergestalt kan word nie. Dit is nogtans die opinie van die navorser dat dit nodig is om dit te evalueer.

In hierdie hoofstuk sal elke onderrigleeraktiwiteit se leeraktiwiteite in hoofgroepe verdeel word, byvoorbeeld *beweging* kan gestruktureerde bewegings, vrye bewegings en liggaamsperkussie insluit. Die hoofgroepe sal bespreek word, waarna daar ondersoek na die musikale ervaring, en musikale aksies ingestel sal word. Elke afdeling word ondersteun deur 'n breinkaart, waarna die hoofgroepe verduidelik en deur middel van 'n tabel, geëvalueer sal word. Afleidings uit die tabel sal verder bespreek word. Dit is belangrik om ook te let dat die verloop van 'n kontakssessie nie volledig beskryf gaan word nie.

Aangesien hierdie studie nie ten doel het om 'n volledige musiekgeletterdheidsprogram met reeds uitgewerkte leeraktiwiteite daar te stel nie, maar is om ondersoek in te stel na leeraktiwiteite wat musikale ervaring ondersteun, is slegs een volledige leeraktiwiteit uit 2007 bespreek, ten einde 'n geïntegreerde benadering te verduidelik. Sodoende blyk duidelik die ontwikkeling van die benadering tot die musiekgeletterdheidsprogram en die proses, eerder as die produk.

6.1 UITEENSETTING VAN LEERAKTIWITEITE IN 'N KONTAKSESSIE

Die leeraktiwiteit wat bespreek word, is leeraktiwiteit 3 uit die eerste semester, 2007. Die rooster vir 'n gewone dag in die *Musicianship*-subprojek in 2007 was soos volg: met die aankoms van die leerders is hulle in hul onderskeie groepe verdeel (Tabel 6-1). Die eerste sessie het een uur geduur. Klawerbordvaardighede en aktiewe musiekbeluistering is op 'n rotasiebasis aan graad 4A in lokaal 118 en graad 4B in lokaal G34 aangebied. Die kontakssessie het 15 minute geduur. Terselfdertyd het die graad 5 leerders in lokaal 122 onderrig in luistervaardighede ontvang. 'n Kort pouse waartydens koeldrank bedien is, het om 14:30

gevolg. In die tweede sessie wat 35 minute geduur het, is kreatiewe spel in Oppibib aangebied en skryfvaardighede in lokaal 122.


Tabel 6-1: Musicianship rooster vir leeraktiwiteit 3

Sessie 1	15min	118	G34	122	Oppi-bib
13:15	Badkamer				
13:30		4A	4B	5	
13:45		4B	4A		
14:00		5A	5B	4	
14:15		5B	5A		
14:30	Koeldrank				
Sessie 2	35min	118	G34	122	Oppi-bib
14:40				4	5
15:15	Wissel				
15:20			Unisa Gr. 1	5	4
15:55	Huis toe!!				

Die tema van die week was *kontras in musiek*. Na aanleiding van gesprekke op die eerste dag van *Musikhane*, is daar vasgestel dat die leerders gereeld blootgestel word aan musiekstyle soos Kwaito, Hip Hop, R'n B, Gospel en House. Vir hierdie leeraktiwiteit is musiek dus uit die leerders se leefwêreld geneem. Hip Hop, Rap en Kwaito bevat goeie voorbeelde van kontras in musiek.

▪ Klawerbordvaardighede

Aangesien leerders voorheen slegs twee kontakssessies in klawerbordvaardighede ontvang het, het dit die materiaal wat in hierdie sessie gebruik kon word, beperk. Die sessie het bestaan uit hersiening, die speel van eenvoudige frases en 'n lied uit hul verwysingsraamwerk, naamlik *Nkosi sikelel' iAfrika*. Die sessie het soos volg verloop: die leerders moes hersiening doen van die vorige week se oefening (Figuur 6-1).




Figuur 6-1: Uittreksel uit Bylae KV 2007 (1-2)

Die leerders het, nadat 'n metrum vasgestel (*entrain*) is, begin deur te verwys na die kwartnote as “short” en die halfnote as “long.” Hulle moes ook die groepe van twee- en drie swartklawers identifiseer. Die volgende uittreksel is geneem uit die leeraktiwiteit wat aan die opvoeder gegee is:

Let them practice this piece on their laps first. If they can identify the short and long notes correctly, use taa and taa-aa instead for *short* and *long*. Let them practice this on their laps. Now they may play the piece on the keyboard—for the first time. Let them play it

HIGH like the birds would sing in the tree tops ... Let them play it LOW like Mister Big Fat Elephant walking on the ground [Bylae E KV 2007 (1-3)].


Die leerders is daarna geleer om *Fis* te vind. Nadat 'n metrum vasgestel is, het die leerders die opvoeder nageboots deur die *do-re-mi* tweemaatfrases op die werkkaart te sing (*Fis*=do) (Figuur 6-2). Daarna het die opvoeder die frases op die klavierbord gespeel en leerders het saamgesing. Die leerders moes self *Fis* vind en wanneer hulle gereed was, ingeval het by die opvoeder. Die eerste frase van *Nkosi sikelel' iAfrika* is ook aan hulle geleer.



Figuur 6-2: Uittreksel uit Bylae E KV 2007 (1-3)

▪ Aktiewe musiekbeluistering

Die musiek wat tydens hierdie leeraktiwiteit in hierdie onderrigleeraktiwiteit gebruik is, kan geklassifiseer word as Hip-Hop. Die storie van die Drie Varkies is vertel deur LL Cool J wat die woorde van *Who's afraid of the Big Bad Wolf* rap. Visuele voorstellings is gedurende die lied aan die leerders vertoon (Figuur 6-3).




Figuur 6-3: Uittreksel uit Bylae E AMB 2007 (1-3)

Die bespreking wat na die lied gevolg het, het gefokus op die genre en die kontras in musiek. Daar is gewys op die verskil in toonkleur tussen 'n fluit, viool en die stemme wat in die lied gebruik is. Vers en refrein is aan leerders verduidelik. Die karakters in die sprokie, die varkies (onskuldig) en die wolf (boos en wreed), word teenoor mekaar gestel en dra by tot kontras. Die leerders moes aan die einde van die kontakssessie die storie kon oorvertel en ook kon aandui of hulle enige morele leeraktiwiteit daaruit geleer het.

▪ **Luistervaardighede**

As hersiening van die vorige leeraktiwiteit, het die leerders na Mandoza se *Nkalakatha* geluister. In hierdie musiek is daar 'n duidelike verskil in toonduur. Die leerders moes die kort en lang nootwaardes identifiseer en flitskaarte (*something sticky*), wat dit verteenwoordig, in die lug opsteek met die herkenning van die nootwaardes. Hierdie flitskaarte stem ooreen met die visuele voorstellings wat in leeraktiwiteite 2 en 3 se klawerbordvaardighede gebruik is [Bylae E KV 2007 (1-2)]. Figuur 6-4 stel die flitskaarte en die nootwaardes wat gebruik is, voor.



Figuur 6-4: Voorbeeld van kort-lank flitskaart

Die Digable Planets se musiekvideo *Rebirth of slick (cool like dat)* is gebruik om die volgende belangrike begrippe in kontras aan die leerders te verduidelik:

- Staccato (kontrabas) teenoor legato (saxofoon en trompet)
- Laag (kontrabas) teenoor hoog (saxofoon en trompet)
- Laag [grof] (mansstemme) teenoor hoog [fyn] (meisiestem)
- In die vers, wanneer hulle *rap* is dit non-legato (staccato), terwyl die refrein "I'm cool/chill/peace like dat," meer legato is.

Verdere bespreking het gehandel oor die gebruik van sekere woorde in die lied. Die leerders is gelei deur vrae, byvoorbeeld: "In this song they use words like swing, roll, stroll and smooth. How would you make a swing/smooth/etc. movement?" [Bylae E AMB 2007 (1-3)]. Leerders is aangemoedig om die spesifieke bewegings te maak, die bewegings met spesifieke instrumente te vergelyk, asook die teenoorgestelde bewegings te demonstreer.

Die leerders moes probeer om dele in die musiek, wat met die teenoorgestelde bewegings geassosieer kon word, te vind.

▪ Skryfvaardighede


'n Terminologie-*hangman* is as ysbreker gebruik om die kontakssessie te begin. Leerders is in groepe verdeel en elke groep het 'n beurt gekry om 'n letter te kies. Dit sou dit moontlik maak om 'n term, waarmee hul kennis gemaak het in die vorige onderrigleeraktiwiteite, te voltooi. Na afloop van hierdie aktiwiteit het die leerders die geleentheid gekry om werkkaart 1 (Figuur 6-5), wat handel oor die terme van die ander onderrigleeraktiwiteite sowel as die *hangman* aktiwiteit, te voltooi.

Figuur 6-5: Uittreksel uit werkkaart 1 [Bylae E SV 2007 (1-3)]

- In werkkaart 2 [Bylae E SV 2007 (1-3)] (Figuur 6-6) is die leerders se vaardigheid, om note op 'n lyn en in 'n spasie te skryf, ontwikkel. 'n Verdere dimensie is bygevoeg deurdat leerders die note op lyne en spasies moes skryf en dan aan te dui dat die note *staccato* of *legato* uitgevoer moet word.

Figuur 6-6: Uittreksel uit werkkaart 2 [Bylae E SV 2007 (1-3)]

- In werkkaart 3 is leerders aangemoedig om hulle eie mini komposisie, van slegs twee mate, te skryf. Hulle kon van lang en kort note gebruik maak (Figuur 6-7).




Figuur 6-7: Uittreksel uit werkkaart 3 [Bylae E SV 2007 (1-3)]

▪ Kreatiewe Spel

Hierdie kontakssessie het visuele kuns ingesluit. Leerders moes 'n kreatiewe buiteblad vir hul portefeuljes ontwerp en die reeds afgehandelde werkkaarte daarin sorteer. Die res van die kontakssessie is deur die leerders gebruik om 'n *Musikhane-rap* uit te werk wat geskik sou wees vir uitvoering.

6.2 EVALUERING: AKTIEWE MUSIEKBELUISTERING

In hierdie afdeling word aktiewe musiekbeluistering geëvalueer. Die aktiwiteite word nie noodwendig volgens die verloop van die onderrigleeraktiwiteit bespreek nie. Die volledige leeraktiwiteite kan besigtig word in Bylae E AMB 2007 (1-1) tot E AMB 2008 (1-3). Die leeraktiwiteite in aktiewe musiekbeluistering kan in sewe hoofgroepe verdeel word (Figuur 6-8): bespreking met luister, bespreking sonder luister, beweging, passiewe luister, skep, sprokies en vergelyking van werke. 'n Oorsig van wat hierdie groepe behels, word gegee.



Figuur 6-8: Opsomming van die leeraktiwiteit in aktiewe musiekbeluistering

- **Bespreking (met luister)**

In hierdie tipe leeraktiwiteite is daar na werke geluister waarna besprekings gevolg het. DVD's en CD's is as luistermateriaal gebruik. Na die vertoning van 'n DVD, is besprekings gehou oor die waarnemings van die leerders [Bylae E AMB 2007 (1-2)]. Besprekings is ook soms met visuele voorstellings, byvoorbeeld prente van instrumente, toegelig [Bylae E AMB 2007 (1-1)]. Musikale konsepte is dikwels na afloop van die beluistering bespreek. Hierdie besprekings het aanvanklik groot kontraste aangespreek en later meer detail bevat [Bylae E AMB 2007 (1-1); E AMB 2007 (1-3); E AMB 2007 (2-1)]. 'n Interaktiewe skyfievertoning (PowerPoint) is ook by hierdie groep ingesluit [E AMB 2008 (1-2)]. Leerders is soms gelei om deur eie ontdekkings afleidings te maak oor dit waarna hulle luister. Die opvoeder het hier leiding gegee, maar was nie die belangrikste bron van inligting nie. Leerders is ook gereeld gevra om hulle persoonlike ervaring van die musiek te beskryf [E AMB 2007 (1-1); E AMB 2007 (1-2); E AMB 2007 (1-3); E AMB 2008 (1-1)]. Die opvoeder het hier 'n belangrike rol gespeel, omdat die leerders dikwels slegs antwoord dat hulle van 'n werk hou of nie daarvan hou nie. Die opvoeder moes leerders dan aanmoedig om te besin oor die redes vir hulle keuse. Vrae soos "Hoe laat die musiek jou voel?" spreek die leerders se emosies aan. Hierdie tipe leeraktiwiteit is belangrik vir die ontwikkeling van leerders se intuïtiewe, informele en prosesrigtende musikale kennis.

Met die ontleding van die leeraktiwiteite in hierdie *bespreking (met luister)* groep, kan Tabel 6-2 saamgestel word om verdere afleidings oor die leeraktiwiteite te maak.

Tabel 6-2: AMB – Evaluering van bespreking (met luister)

Luister en bespreking van:		DVD	Instrumente m.b.v. Prente	Musikale konsepte	Ontdekking	Persoonlike ervaring
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	×	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×	×	×
	Uitvoer	×	×	×	×	×

Nie een van die bogenoemde leeraktiwiteite bewerkstellig volledig musikale ervaring nie. Slegs luister word betrek. Alhoewel nie een van hierdie leeraktiwiteite bydra tot 'n volledige musikale ervaring nie, sou die leeraktiwiteite aangepas kon word, sodat leerders meer aktief betrokke sou kon wees.

▪ **Bespreking (sonder luister)**

Die bespreking van musikale praktyke, soos byvoorbeeld Klassieke uitvoeringspraktyk, waar 'n simfonie-orkester met 'n dirigent optree, kan sonder luister, deur middel van visuele voorstellings plaasvind. Die agtergrondkennis oor byvoorbeeld 'n spesifieke opera, ballet of programmusiek, sonder om na uittreksels te luister, val ook onder hierdie groep [Kyk Bylae E AMB 2007 (1-1); E AMB 2007 (1-2); E AMB 2007 (1-3); E AMB 2007 (2-6); E AMB 2008 (1-1); E AMB 2008 (1-2)]. Tabel 5-3 dui aan dat die bespreking van musikale praktyk geen bydrae tot musikale ervaring lewer nie.

Tabel 6-3: AMB – Evaluering van bespreking (sonder luister)

Bespreking (sonder luister) van:		Musikale praktyk
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	×
	Verwerk: liggaam	×
	Vergestalt: aksies	×
Musikale aksies	Luister	×
	Skep	×
	Uitvoer	×

Dit is dus heel moontlik om 'n bespreking in 'n musiekkontaksessie te hê, sonder om na enige musiek te luister. Dit is egter onaanvaarbaar, maar daar word dikwels in musiekopvoeding in hierdie slaggetrap en teruggeval op abstrakte wyses van aanbieding. Dit is daarom belangrik om hierdie tipe leeraktiwiteit, met 'n leeraktiwiteit wat musikale ervaring voorstaan, te kombineer.

- **Beweging**

Die leeraktiwiteite wat beweging tydens luister aanmoedig, sluit gestruktureerde, ikoniese, liggaamsperkussie en vrye beweging in. Gestruktureerde bewegings sluit bewegings in wat vooraf deur die opvoeder uitgewerk is. Hierdie bewegings loop nou saam met die doelwitte van 'n kontakssessie. Die opvoeder het dus sekere aspekte, soos vorm, metrum en kontras, in gedagte [Bylae D AMB 2007 (2-6)]. Ikoniese bewegings verskil van gestruktureerde bewegings, omdat daar nie vooraf presies bepaal word wat die beweging gaan behels nie. Dit kan ook nie geklassifiseer word as vrye bewegings nie, want die verskil in byvoorbeeld toonhoogte vereis spesifieke aanduidings. Daarom word die term *ikoniese bewegings*, na aanleiding van Bruner se leermodel (kyk 2.2.3), verkies. Ikoniese bewegings kan beskou word as bewegings wat deur musikale konsepte gelei word, byvoorbeeld die aanduiding van kontoere met die hande (toonhoogte). Dus, leerders luister na 'n werk en dui dan die relatiewe toonhoogte met hulle hande aan [Bylae E AMB 2007 (1-1)]. Liggaamsperkussie sluit enige klankproduksie, deur gebruik te maak van die liggaam, in. Dit is bewegings soos hande klap, voete stamp, vingers klap en *beat boxing* [Bylae E AMB 2007 (1-2)]. Vrye beweging moedig leerders aan om hul eie vertolking van die musiek waarna hulle luister, uit te leef [Bylae E AMB 2007 (2-5); E AMB 2007 (2-7)].

Tabel 6-4: AMB – Evaluering van beweging

Luister en beweging:		Gestruk- tureerde beweging	Ikoniese beweging	Liggaams- perkussie	Vrye beweging
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	✓	✓	✓	✓
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓
	Skep	×	(✓)	(✓)	✓
	Uitvoer	✓	✓	✓	✓

Uit die tabel kan ons dus aflei dat beweging meesal musikale ervaring teweegbring. 'n Musikale werk word deur gehoor ingeneem, deur middel van beweging verwerk en word meesal vergestalt deur uitvoering en aktiewe luister. Bewegings sou meganies en ondeurdag kon wees, maar 'n opvoeder sal dit opmerk in die uitvoering van die aksie. Die (✓) by skep, in ikoniese beweging en liggaamsperkussie, dui daarop dat bewegings self geskep kan word of volgens riglyne kan geskied. Die opvoeder kan dus deur middel van die waarneming van leerders se bewegings afleidings maak oor die mate van musikale ervaring wat plaasvind.

▪ Passiewe luister

In hierdie groep leeraktiwiteite het leerders hoofsaaklik geluister. Leerders kon enige posisie inneem tydens beluistering [Bylae E AMB 2007 (2-1); E AMB 2008 (1-3)]. Somtyds het die leerders net geluister, maar ander kere is die luisterervarings toegelig met visuele voorstellings [Bylae E AMB 2007 (1-3)]. Tydens die kontakssessie waar leerders kon ontspan, is 'n volledige beweging, byvoorbeeld uit 'n klavierconcerto, voorgespeel [Bylae E AMB 2007 (1-4)]. Die werkkaart wat ingevul is, het gefokus op verskillende musikale konsepte asook op die intensie van die komponis, byvoorbeeld Die Leeu se brul en die visse se borrels in die Akwarium in die Karnaval van die Diere deur Saint-Saëns [Bylae E AMB 2007 (2-3); E AMB 2007 (2-4)].

Tabel 6-5: AMB – Evaluering van passiewe luister

Passiewe luister:		Net luister	M.b.v. Prente	Ontspan	Vul werkkaart in
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×	×
	Uitvoer	×	×	×	×

Soos verwag en in Tabel 6-5 aangedui, is passiewe luister nie bevorderlik vir musikale ervaring nie. Die werkkaart wat ingevul moes word, het wel liggaamsperkussie betrek deur 'n aktiwiteit soos aangetoon in Figuur 6-9. Alhoewel passiewe luister die hoofkategorie is, is die vrae in die werkkaart so gerig dat leerders se innerlike gehoor betrek, musikale konsepte aangeleer en hul aandag op spesifieke musikale oomblikke gefokus word.

3. In this piece a well known song can be found. It is played slower than usual and in the bass. What is the name of the song?

4. Clap the bass line's rhythm:



Elephant

1. Is this in $\frac{3}{4}$ or $\frac{2}{4}$? _____

2. Which instrument plays the melody? _____

3. Is this melody high or low? _____

4. The tempo indication of this piece is *allegretto*. What do you think this Italian term means? _____

Figuur 6-9: Uittreksel uit werkkaart [Bylae E AMB 2007 (2-3)]

- Skeppende aktiwiteite

Leerders is aangemoedig om dit wat hulle gehoor het, visueel voor te stel deur middel van prente [Bylae E AMB 2007 (1-1)] of danse [Bylae E AMB 2007 (2-7)]. Die opvoeder kan uit hierdie voorstellings afleidings maak oor die leerders se vertolking en begrip van die werk. Skeppende aktiwiteite word saam met sprokies en vergelyking van werke in Tabel 6-6 geëvalueer.

- Sprokies

Sprokies sluit verhale soos Die Drie Varkies in [Bylae E AMB 2007 (1-3)]. Hierdie tipe sprokies is belangrik in die aanleer van waardes, dit bou karakter, dra inligting oor en is vermaaklik (meestal met onderliggende waarhede) (Okafor & Ng'andu, 2003:179). Die sprokie is deur musiek weergegee, terwyl leerders prente van die karakters kon bestudeer. Leerders het daarna die geleentheid gekry om die stories in hulle eie woorde te vertel, asook om die moraal van die storie te verduidelik. Kyk Tabel 6-6 vir die evaluering van sprokies.

- Vergelyking van werke

Die leerders luister telkens na twee uiteenlopende werke. Hierdie werke word dan op verskeie vlakke vergelyk. Die opvoeder speel 'n leidende rol. Die leerders onderskei tussen begrippe soos vinnig en stadig, rustig en vrolik, die verskillende instrumente asook die tipe artikulasie wat gebruik is [Bylae E AMB 2007 (2-7); E AMB 2008 (1-1)].

Tabel 6-6: AMB – Evaluering van skep, sprokies en vergelyking van werke

Luister en ...		Skep (prente)	Skep (dans)	Sprokies	Vergelyking van werke
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	✓	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓
	Skep	✓	✓	×	×
	Uitvoer	×	✓	(✓)	×

Uit Tabel 6-6 kan ons dus aflei dat skeppende aktiwiteite, veral die wat beweging insluit, bevorderlik vir musikale ervaring is. Sprokies sou uitvoering kon betrek, maar sal steeds nie 'n volledige musikale ervaring daarstel nie. Die vergelyking van werke kan waardevol wees vir die ontwikkeling van formele, informele en prosesrigtende musikale kennis, sowel as die begrip van verskillende musikale praktyke, maar moet gekombineer word met leeraktiwiteite wat volledige musikale ervaring teweegbring.

Met die bestudering van die leeraktiwiteite in Tabelle 6-2 tot 6-6 is dit opmerklik dat weinig leeraktiwiteite volledig musikale ervaring bevorder. Leeraktiwiteite wat luister, beweging sowel

as skeppende aktiwiteite bevat, is die mees doeltreffende. Die leeraktiwiteite wat minder bevorderlik was, is saam met meer geskikte aktiwiteite gebruik. Die volgende twee tabelle stel die leeraktiwiteite in twee verskillende kontakssessies voor. Tabel 6-7 is geneem uit die eerste kontakssessie van 2007 [Bylae E AMB 2007 (1-1)], terwyl Tabel 6-8 die laaste kontakssessie in 2007 opsom [Bylae E AMB 2007 (2-7)].

Tabel 6-7: Voorbeeld van leeraktiwiteite soos gebruik in 'n AMB kontakssessie (1)

2007 1-1		Bespreking van musikale praktyk	Net luister	Luister en bespreking musikale konsepte	Bespreking van persoonlike ervaring	Skep	Luister en ikoniese beweging
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	×	✓	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	×	×	×	✓
	Vergestalt: aksies	×	✓	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	×	✓	✓	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×	×	✓	(✓)
	Uitvoer	×	×	×	×	×	✓

Die bespreking van musikale praktyk betrek hoofsaaklik formele kennis. Alhoewel die bespreking van musikale praktyk geen musikale ervaring aanspreek nie, is hierdie formele kennis wel belangrik om die leerder se kennis oor verskillende musikale praktyke te verbreed en sodoende geleentheid te skep vir gesindheidsverandering. Die formele kennis is egter van min waarde indien dit nie met 'n aktiwiteit soos luister en ikoniese beweging gekombineer word nie.

Tabel 6-8: Voorbeeld van leeraktiwiteite soos gebruik in 'n AMB kontakssessie (2)


2007 2-7		Vergelyking van werke	Skep: Werk dans uit	Passiewe luister: slegs luister	Beweging & luister: vrye beweging
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	✓	×	✓
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓
	Skep	×	✓	×	✓
	Uitvoer	×	✓	×	✓

Die laaste kontakssessie van 2007, bevat twee leeraktiwiteite wat verantwoordelik is vir volledige musikale ervaring. Hierdie benadering is alreeds 'n verbetering van die eerste kontakssessie en meer leeraktiwiteite van dié aard moet saamgegroeper word.

6.3 EVALUERING: KLAWERBORDVAARDIGHEDE

Die leeraktiwiteite in klavierbordvaardighede kan hoofsaaklik in drie hoofgroepe gedeel word (Figuur 6-10). Individuele spel sluit kort werke, tegniese werk en skep van eie komposisies in.

Ensemble spel fokus op duette. Beweging is ook 'n onderafdeling. Die volledige leeraktiwiteite kan in Bylae E KV 2007 (1-1) tot E KV 2008 (2-2) besigtig word.



Figuur 6-10: Opsomming van die leeraktiwiteite in klawerbordvaardighede

■ Individuele spel

Individuele spel word in drie onderafdelings opgedeel: kort werke, tegniese werk en eie komposisies. *Kort werke* is verwerkings van bekende stukke uit die musiekliteratuur. Hierdie werke kan op verskeie maniere aangebied word. Leerders is aangemoedig om deur middel van beweging die metrum vas te lê en daarna is die melodie op nootname of solfa gesing [E KV 2007 (2-6)]. Indien die leerders die beweging en nootname baasgeraak het, kon hulle die melodie op die klawerbord uitvoer. Mini-voorspeelklasse, waar leerders hulle kort werke vir mekaar en die opvoeders uitvoer, is ook gehou om leerders voor te berei vir die eise wat uitvoering stel [E KV 2007 (2-6); E KV 2009 (2-1)]. Tydens 'n mini-voorspeelklas moes leerders steeds die nootname of solfa saam met hulle uitvoering sing. Leerders het ook soms net die solfa van die partituur gesing en daarna uitgevoer [E KV 2008 (1-1); E KV 2008 (2-1); E KV 2008 (2-2)].

Tabel 6-9: KV – Evaluering van individuele spel: kort werke

Individuele spel: kort werke		Beweging, sing, uitvoer	Mini-voor-speelklas	Sing, lees, uitvoer
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	✓	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×
	Uitvoer	✓	✓	✓

Alhoewel die leerders beweging gebruik in die uitvoering van die kort werke, is dit nie

noodwendig verwerk in hul liggame nie. Die vooraf vasstelling van die metrum in die leerders se liggame het 'n invloed op hul musikale ervaring.

Tegniese werk is op verskeie wyses benader:

- deur gehoor [E KV 2007 (1-3); 2007 (1-4); 2007 (2-1)];
- instruksies [E KV 2007 (1-1); 2007 (2-3); 2007 (2-5); 2007 (2-6); 2007 (2-7)]
- lees en uitvoer [E KV 2007 (1-2); 2007 (1-3); 2007 (2-1); 2007 (2-5); 2007 (2-7)];
- luister, identifiseer en uitvoer [E KV 2007 (2-1)];
- nabootsing [E KV 2007 (2-1)]; en
- sing, lees en uitvoer [E KV 2007 (2-4); 2008 (1-1)].

Alhoewel al die bogenoemde aktiwiteite tegniese werk aanspreek, is die verskil in die benadering daartoe belangrik. Met die aanleer van patrone, nadat die opvoeder dit slegs uitgevoer of gesing het, is daar van leerders verwag om sterk op hulle ouditiewe waarnemingsvermoë te steun. Instruksies of partiture het meer visuele riglyne aan leerders gegee.

Tabel 6-10: KV – Evaluering van individuele spel: tegniese werk

Individuele spel: tegnies		Gehoer	Instruksies	Lees, uitvoer	Luister, identifiseer, uitvoer	Naboots	Sing, lees, uitvoer
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	×	×	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	×	×	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	×	×	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×	×	×	×
	Uitvoer	✓	✓	✓	✓	✓	✓

Die tegniese werk wat die leerders se ouditiewe waarnemingsvermoë, eerder as net die lees van musieknotasie, betrek het, is uiteraard meer effektief, alhoewel dit nie musikale ervaring volledig teweegbring nie.

Leerders het ook geleentheid gekry om hulle *eie komposisies* te skep [E KV 2007 (1-1)]. Die *komposisie* wat geskep is, kan nie volgens die standarde van 'n meester gemeet word nie en daar moet dus eerder na komposisionele aktiwiteite verwys word (kyk 2.4.2). Hierdie aktiwiteit sou as improvisasie gereken kon word, maar die instruksies was dat leerders moes besin en daarna 'n werk skep. Die werk het dus nie net op die ingewing van die oomblik plaasgevind nie, maar het eers 'n reflekerende aksie betrek. Die proses, eerder as die produk, was belangrik in hierdie leeraktiwiteit.

Tabel 6-11: KV – Evaluering van individuele spel: skep

Skep ...		Eie komposisie
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	(✓)
	Verwerk: liggaam	(✓)
	Vergestalt: aksies	✓
Musikale aksies	Luister	(✓)
	Skep	✓
	Uitvoer	✓

As gevolg van die *reflektering-in-aksie* kan daar aangeneem word dat luister wel, voordat die leerder sy werk uitgevoer het, as innerlike gehoor betrek is. Alhoewel die musiek deur gehoor ingeneem is en al die musikale aksies betrek het, het daar nie noodwendig verwerking van musiek in die liggaam plaasgevind nie, maar die gebrek of teenwoordigheid *embodiment* sal in die musikale aksies vergestalt word.

- Ensemble spel

Ensemble spel het uit duette bestaan. Die duette is tussen die opvoeder en die leerders uitgevoer. Die eerste tipe duette was gebaseer op kort werke [E KV 2007 (2-3)]. Leerders moes van die partituur speel. In 'n later weergawe van hierdie leeraktiwiteit, moes leerders op solfa of nootname sing, terwyl hulle die partituur lees en dan die werk uitvoer [E KV 2007 (2-4); E KV 2007 (2-5); E KV 2008 (2-2)]. 'n Populêre styl (*rock n'roll*) is op gehoor aan leerders geleer. Die opvoeder het die baslyn gespeel, terwyl die leerders die harmoniese raamwerk ingevul het [E KV 2007 (2-7)].

Tabel 6-12: KV – Evaluering van ensembleaktiwiteitpel: duette

Duette ...		Lees, uitvoer (kort werke)	Sing, lees, uitvoer (kort werke)	Op gehoor (populêre werke)
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	×	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×
	Uitvoer	✓	✓	✓

Daar is nie 'n wesenlike verskil in die musikale ervaring van duette teenoor individuele spel nie. Die verskil sal na vore kom in die evaluering van *musicianship* met betrekking tot positiewe gesindheidsverandering.

- Beweging

Die *piano dance* is op 'n groot kartonklawerbord uitgevoer [kyk Bylae E KV 2008 (1-3) asook Figuur 4-10 in hoofstuk 4]. 'n Uittreksel uit die leeraktiwiteit (Figuur 6-11) verduidelik hoe hierdie leeraktiwiteit aangewend is.

Pak die groot klawerbord op die grond uit en plaas die klein klawerbordjies op bankies ...

- a. Leerders trek hulle skoene uit en dans met kouse/kaalvoet op die klawers. Party kan dit dans soos met verlede week se *semi-tone dance*. Een dans op die klawers, een/twee speel op klavier en die ander leerders kan dit op die klein klaviertjies oefen.
- b. Elkeen moet dit op 'n verskillende manier kan doen ... Die een wat op die groot klawers gaan dans, sê hoe dit gedoen moet word, bv. staccato, legato, forte, adagio, soos 'n sprinkaan, soos 'n kat, soos 'n beer, met 'n boek op jou kop, die moontlikhede is legio.


Figuur 6-11: Uittreksel uit leeraktiwiteit [E KV 2008 (1-3)]

Die leerders het ook 'n *semi-tone dance-and-play* geleer [E KV 2008 (1-2)]. Die leeraktiwiteit poog om die ontwikkeling van fyn motoriese beweging te stimuleer deur eers die groot motoriese bewegings vas te lê. Die leerders sing “*doh-ti-doh klap-klap-klap mi-fa-mi klap-klap-klap*” terwyl hulle die bewegings, soos gedemonstreer in Figuur 6-12 (p.6-18), uitvoer. Op die *ti*, (stap 2) beweeg die leerders se regterbeen oor hulle linkerbeen soos wat hulle duim en wysvinger op die klawerbord sal beweeg met *G* as *doh*. Die *G* en *Fis* word dus gebruik. Die leerders spring na *mi* (stap 4) en tree dan na *fa* (stap 5). Die leerders stap hier net skuins, want die vingersetting op die klawerbord is ook eenvoudig (middelvinger na ringvinger). Terwyl een leerder hierdie aktiwiteit uitvoer, sing en speel 'n ander leerder die nootpatrone op die klawerbord en die opvoeder begelei hulle met akkoorde $I - V - I$ of $I - V^7 - I$.

Tabel 6-13: KV – Evaluering van beweging

Beweging		<i>Piano dance</i>	<i>Semitone dance-and-play</i>
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓
	Verwerk: liggaam	✓	✓
	Vergestalt: aksies	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓
	Skep	✓	×
	Uitvoer	✓	✓


Beide hierdie leeraktiwiteite lewer 'n waardevolle bydrae tot musikale ervaring. Hierdie twee leeraktiwiteite moet gekombineer word met leeraktiwiteite uit individuele spel soos tegniese werk deur instruksies. Die verwerking van musiek in die liggaam is van kardinale belang vir musikale ervaring.



Figuur 6-12: *Semi-tone dance-and-play* bewegings

6.4 EVALUERING: KREATIEWE SPEL

Die leeraktiwiteite in hierdie afdeling fokus op kreatiwiteit en aktiewe betrokkenheid wat weerspieël word in Bylae E KS 2007 (1-1) tot E KS 2008 (2-2). Figuur 6-13 is 'n opsomming van die leeraktiwiteite in kreatiewe spel.



Figuur 6-13: Opsomming van die leeraktiwiteite in kreatiewe spel

▪ Beweging

Verskeie leeraktiwiteite wat beweging ingesluit het, byvoorbeeld die dirigeer van 'n opname [E KS 2007 (1-2)], ikoniese beweging [E KS 2007 (1-1)], vrye beweging [E KS 2007 (1-2); E KS 2007 (2-5)] en *walking* [E KS 2007 (1-1)] is in hierdie afdeling aangebied. Ikoniese en vrye beweging, en dit wat dit behels, is reeds in afdeling 6.2 verduidelik. *Walking* is 'n leeraktiwiteit wat deur Dr. Eva Wedin¹, 'n Dalcroze spesialis en verbonde aan die *Royal College of Music in Stockholm*, voorgestel word. Die doel daarvan is om metrum vas te lê en dit word ook gebruik om die verskil tussen kwart-, half- en heelnote aan te voel. Die leerders stap vorentoe vir kwartnote, agtertoe vir halfnote en skuins vir heelnote. Die verandering in beweging vind telkens op die verandering van frases plaas. Die leerders is meesal nie bewus van die frasestruktuur nie en volg eers die opvoeder se instruksies. Indien die leerders gemaklik is met die leeraktiwiteit, word hulle gevra om self te besluit of hulle vorentoe, agtertoe of skuins moet stap. Sodoende word hul kreatiwiteit in 'n mate betrek.

Tabel 6-14: KS – Evaluering van beweging


Beweging		Dirigeer	Ikoniese beweging	Vrye beweging	<i>Walking</i>
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	✓	✓	✓	✓
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓
	Skep	(✓)	(✓)	✓	✓
	Uitvoer	✓	✓	✓	✓

¹ Dr. Wedin bied per geleentheid werksinkels in Dalcroze Eurhythmics by die Skool vir Musiek, NWU, aan.

Soos voorheen in 6.2 aangedui, word musikale ervaring deur die meeste van die bewegingsaktiwiteite voortgebring.

- **Geheueontwikkeling**

Aangesien geheue 'n belangrike rol in die aanleer en memorisering van musikale werke speel, is leeraktiwiteite wat op geheueontwikkeling fokus, met die leerders geoefen. Nadat leerders 'n aantal objekte beskou het, moes hulle 'n lys van die items opstel sonder om weer daarna te kyk [E KS 2007 (1-4)]. 'n Geheuespeletjie wat van flitskaarte gebruik gemaak het, het leerders se vermoë om melodiese patrone te herken, uit te voer en te memoriseer, ontwikkel [E KS 2008 (2-1)]. Die melodiese patrone is uit die kort werke, wat hulle in klavierbordvaardighede uitgevoer het, geneem. Al die patrone was in dieselfde toonsoort. Figuur 6-14 is 'n voorbeeld van die flitskaarte (nootpatrone) wat gebruik is.



Figuur 6-14: Flitskaarte vir geheuespeletjie

Die leerders is in groepe verdeel. Elke groep het 'n pakkie kaarte ontvang. Die nootpatrone is na onder geplaas. Elke leerder het 'n beurt gekry om twee kaarte om te draai. Die kaarte wat hulle omgedraai het, moes op solfa of nootname gesing word. Indien kaart een dieselfde geklink het as kaart twee, kon hulle die kaarte neem. Die groepe is aangemoedig om te kyk wie die meeste kaarte bymekaar kon maak.

Tabel 6-15: KS – Evaluering van geheueontwikkeling

Geheueontwikkeling		Memory game: flitskaarte	Memory game: voorwerpe
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	×
	Verwerk: liggaam	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	×
Musikale aksies	Luister	✓	×
	Skep	×	×
	Uitvoer	✓	×

Die speletjies wat geheueontwikkeling bevorder, lewer nie 'n bydrae tot musikale ervaring nie. Die herkenning van voorwerpe dien geen doel nie. Die flitskaarte betrek luister en uitvoer en sou, deur middel van die vasstelling van metrum, verwerk kon word in die liggaam en daardeur musikale ervaring meebring.

- **Konsertvoorbereiding**

Die konserte het gewoonlik gepaard gegaan met sing, dans en uitvoer [E KS 2007 (2-9); E KS 2008 (1-2); E KS 2008 (1-3); E KS 2008 (2-2)]. Soos Tabel 6-16 aantoon, bevorder die deelname aan konserte musikale ervaring, want al die aspekte daarvan en al die musikale aksies, is betrek.

Tabel 6-16: KS – Evaluering van konsertvoorbereiding

Konsertvoorbereiding		
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓
	Verwerk: liggaam	✓
	Vergestalt: aksies	✓
Musikale aksies	Luister	✓
	Skep	✓
	Uitvoer	✓

- **Skeppende leeraktiwiteite**

Die volgende skeppende leeraktiwiteite het in die onderrigleeraktiwiteit voorgekom: leerders was verantwoordelik vir hulle eie komposisies [E KS 2007 (1-3); E KS 2007 (2-2)], luisterkaarte moes opgestel word [E KS 2007 (2-8)] en leerders was verantwoordelik vir die saamstel van hul *eie* musiekvideo's [E KS 2007 (2-1); E KS 2007 (2-3); E KS 2007 (2-4); E KS 2007 (2-5)]. Die komposisionele aktiwiteite is gelei deur sekere riglyne daar te stel: leerders kon hul komposisies benader vanuit 'n gegewe tema of hul kon 'n gegewe teks gebruik. Die tekste wat gebruik is tydens hierdie studie, is geneem uit Philip de Vos (1998) se *Carnival of the Animals*. Die leerders het kreatief hiermee omgegaan. Bestudeer die video-uittreksel in Bylae D KS 2007 (2-2). Die musiekvideo's kon nie van nuuts af geskep

word nie, maar die verskillende jaargroepe het reeds bestaande musiek geneem en dit vertolk. Die graad 4-groep het Burl Ives se *Ugly Bug Ball* gebruik, terwyl die graad 5 seuns en dogters, in afsonderlike groepe, Norah Jones se *Sinkin' Soon* uitgevoer het [kyk Bylae D KS 2007 (2-5)].

Tabel 6-17: KS – Evaluering van skeppende aktiwiteite

Skeppende aktiwiteite		Komposisie	Luisterkaart	Musiek-video's
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	(✓)	×	✓
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓
	Skep	✓	✓	✓
	Uitvoer	✓	×	✓


Met die skep van die leerders se komposisies, is luister vanselfsprekend betrek. Die leerders se uitvoerings van hierdie komposisies, het meesal met beweging gepaard gegaan. In die video-uittreksel Bylae D KS 2007 (2-2) blyk die leerders se musikale ervaring duidelik. Die groepsaktiwiteit bring mee dat die leerders bewus is van die aksies van die res van die groeplede. Hulle moes luister na mekaar en daarvolgens reageer. Die metrum is duidelik vergestalt in die *beat boxers* en leier se liggame. In die musiekvideo's was leerders ook aktief betrokke en word die leerders se musikale ervaring in hul aksies uitgebeeld. As gevolg van tegniese probleme is 'n groot deel van die musiekvideo's sonder die musiek opgeneem, maar die leerders het die musiek so goed geken, dat die meeste van hul aksies steeds spreek van die oorspronklik metrum. Die beplanning, implementering en uitvoering van musiekvideo's is bevorderlik vir musikale ervaring.

- Speletjies

Verskeie speletjies is gespeel. Dit word kortliks bespreek:

- *Donkey's dots* [E KS 2008 (2-2)]

Die leerders is in groepe van drie verdeel. Elke groep het voor 'n bord met 'n groot notebalk gestaan en 'n stel flitskaarte ontvang (Figuur 6-15). Een leerder in elke groep is geblinddoek. Die ander twee leerders het 'n flitskaart met 'n maat note op geneem. Die twee leerders moes die geblinddoekte leerder lei om die note op die regte toonhoogte te plak soos die maat op die flitskaart aandui. Die leerders kon nie slegs “op” of “af” sê nie, maar moes verwys na die nootname. Indien die maat korrek was, moes hulle 'n aanduiding aan die opvoeder gee en dan die maat vir haar sing. 'n Ander leerder is dan geblinddoek en dieselfde is herhaal totdat almal in die groep 'n beurt gehad het.



Figuur 6-15: Voorbeeld van flitskaarte wat in *Donkey's Dots* gebruik is

- *Mr Bach says* [E KS 2008 (1-1)]

Hierdie leeraktiwiteit is op 'n groot notebalk uitgevoer. Die leerders trek verskillende opdragte uit 'n hoed en moet dit dan vir die res van die leerders uitvoer. Figuur 6-16 is voorbeelde van die tipe opdragte wat uitgevoer moes word:

 Mr Bach says it is time to walk adagio. What does Adagio mean? Walk the following notes on an adagio tempo AND SING them along... B A B A B A G _ 
 Mr Bach wants you to sing and dance the following notes on the staff: B A G A B B B _ 
Mr Bach says... jump the following sequence four times while singing like a very big heavy elephant: B A G G 
Mr Bach wants you to 'arrange' four of your fellow students on the staff. You have to let them stand on the following notes: G A B G. You can decide in which position and in which order your statues have to stand! The rest of the group have to sing the 'composition'. 

Figuur 6-16: Voorbeeld van opdragte in *Mr Bach says*

- *Mirror game* [E KS 2007 (2-3)]

Die leeraktiwiteit is geneem uit *The handbook of music games* (Storms, 1993). Die leeraktiwiteit het twee leerders betrek, waarvan die eerste leerder bewegings op die musiek moes doen, terwyl die tweede leerder 'n spieëlbeeld van die bewegings moes

uitvoer. Die aksie betrek luister, uitvoer en skep, want die leerder moet besluit watter bewegings die mees gepaste sal wees op die musiek.


Tabel 6-18: KS – Evaluering van speletjies

Speletjies		<i>Donkey's dots</i>	<i>Mr Bach says</i>	<i>Mirror game</i>
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	(✓)	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	✓	✓
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	(✓)	(✓)	✓
	Skep	×	(✓)	✓
	Uitvoer	✓	✓	✓

Die *mirror game* en *mr Bach says* kan musikale ervaring in leerders bevorder. Dit betrek beweging. *Donkey's dots* word nie noodwendig verwerk in die liggaam nie, maar metrum sou vasgestel kon word om die kans op musikale ervaring te verbeter.

6.5 EVALUERING: LUISTERVAARDIGHEDE


Sommige van die leeraktiwiteite wat in luistervaardighede voorkom, is alreeds onder aktiewe musiekbeluistering, klavierbordvaardighede of kreatiewe spel bespreek. Daarom sal hierdie leeraktiwiteite slegs in luistervaardighede genoem word. Vyf hoofgroepe kan geïdentifiseer word: beweging, luister en bespreek, solfa, speletjies en *what do you hear?* Die volledige leeraktiwiteite kan in Bylae E LV 2007 (1-1) tot E LV 2008 (2-2) bestudeer word.



Figuur 6-17: Opsomming van die leeraktiwiteite in luistervaardighede

- Soos voorheen aangedui is die hoofgroep, beweging, bevorderlik vir musikale ervaring. Die eerste vier leeraktiwiteite in hierdie groep is reeds voorheen verduidelik (kyk 6.2 en 6.3). *Stepping on Doh Re Mi* [E LV 2007 (1-4)] en die *piano dance* word albei op 'n groot karton

klavier uitgevoer. In *Stepping on Doh Re Mi* is die stel klawers op trappe geplaas om die begrippe *op* en *af* te verduidelik. Elke groep het 'n frase ontvang wat hulle dan op verskillende wyses kon benader, byvoorbeeld elke leerder kon 'n noot voorstel en vorentoe tree as dit sy beurt is, of al die leerders kon saam in 'n ry stap, of twee leerders het gestap, terwyl die derde leerder hulle gedirigeer het. Figuur 6-18 is 'n voorbeeld van die frases wat gebruik is. Die frases moes dus visueel, deur beweging voorgestel word. Die leerders kon kreatief wees in hulle aanbiedings. Aangesien al drie musikale aksies, sowel as kriteria vir musikale ervaring aangespreek is, het *Stepping on Doh Re Mi* dus ook tot musikale ervaring bygedra.



Figuur 6-18: Frases wat gebruik is in *Stepping on Doh Re Mi*

- In aktiewe musiekbeluistering (6.2) is aangedui dat luister en besprekings nie voldoende vir musikale ervaring is nie. Dit is ook hier van toepassing op luistervaardighede.
- Hierdie onderrigleeraktiwiteit benader solfa op verskeie wyses: solfa word gebruik in bladsang [E LV 2008 (2-1)], gekombineer met flitskaarte [E LV 2008 (2-2)], gesing met solfa handtekens [E LV 2007 (1-2); E LV 2007 (2-3)] en groot motoriese bewegings [E LV 2007 (2-3); E LV 2007 (2-4)], asook solfa raaisels [E LV 2007 (2-3); E LV 2007 (2-4)]. Figuur 6-19 is 'n voorbeeld van die flitskaarte wat op solfa gesing moes word.



Figuur 6-19: Voorbeeld van flitskaarte wat op solfa gesing moet word

Tydens solfaraaisels het die opvoeder solfahandtekens of die groot motoriese bewegings gedemonstreer waarna leerders, in dieselfde metrum, die patroon op solfa hardop moes sing.


Tabel 6-19: LV – Evaluering van solfa leeraktiwiteite

Solfa		Bladsang	Flitskaarte	Solfa handtekens	Groot motoriese bewegings	Solfa raaisels
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	(✓)	✓	(✓)
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×	×	×
	Uitvoer	✓	✓	✓	✓	✓

Met die uitvoering van solfa, kan daar dadelik waargeneem word of leerders musikale ervarings beleef het: die leerders se sang en bewegings sal dit aandui. Die leeraktiwiteite wat 'n vorm van beweging vereis, sal heelwaarskynlik musikale ervaring teweegbring.

▪ Speletjies

Die speletjies in luistervaardighede, *music relay race* (E LV 2007 (2-1)) en *something fishy* [E LV 2008 (2-2)], het onderskeidelik gefokus op ritmiese en melodiese patrone. 'n Aangepaste weergawe van *music relay race* uit die *Handbook of music games* (Storms, 1993) is gebruik om ritmiese patrone aan leerders oor te dra. Die leerders is in groepe van vier verdeel. Die speletjie is gebaseer op atletiekaflos, maar in plaas daarvan om stokkies te oorhandig, het die leerders instrumente en gegewe ritmes oorhandig (kyk Figuur 6-20). Die eerste leerder in die groep het 'n ritme ontvang en moes dit korrek op die instrument uitvoer en daarna aan die tweede leerder oorhandig. Die tweede leerder het die proses herhaal en die instrument aan die derde leerder oorhandig en so ook aan die vierde leerder. Die groep wie se vierde leerder eerste by die opvoeder opdaag het en die korrekte ritme kon uitvoer, was die winners.



Figuur 6-20: Voorbeeld van ritmes vir *music relay race*

Something fishy het gefokus op die omskakeling van solfa na balknotasie. Die leerders het kartenvisse gevang (kyk figuur 4-11). Elke *vis* was genommer en het 'n melodiese (in solfa) sowel as ritmiese patroon gehad. Die leerders moes dan die solfa in balknotasie omskakel. Die tweede *vis* het maat twee voorgestel, die vyfde *vis* maat vyf, ensovoorts. 'n Nuwe *vis* kon eers gevang word indien die maat reg voltooi was en gesing kon word.

Tabel 6-20: LV – Evaluering van speletjies

Speletjies		<i>Music relay race</i>	<i>Something fishy</i>
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	(✓)
	Verwerk: liggaam	✓	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	(✓)
	Skep	×	×
	Uitvoer	✓	✓

Alhoewel die speletjies in luistervaardighede groot pret was, het dit nie noodwendig musikale ervaring bevorder nie. Die vasstelling van metrum moet as basis dien vir hierdie aktiwiteite. Die uitvoering van die musikale aksies en byvoorbeeld die aanduiding van melodiese kontoere deur middel van ikoniese bewegings, sou 'n musikale ervaring meer tasbaar vergestalt.

■ *What do you hear?*

Verskillende *wat hoor jy?* leeraktiwiteite is aangebied. In plaas van 'n A4 werkkaart is *What do you hear?-booklets* gebruik [E LV 2007 (1-4)]. Die rede hiervoor is dat leerders nie altyd weet watter en waar om 'n spesifieke voorbeeld te merk nie en daarom is klein boekies gebruik. Nadat die opvoeder 'n voorbeeld gespeel en die visuele voorstelling verduidelik het, het die leerders die toepaslike blokkie gemerk en die bladsy omgeblaai. Sodoende kon leerders nie deurmekaar raak met die merk van blokkies nie. Elke voorbeeld in Figuur 6-21 stel 'n nuwe bladsy in die boekie voor.

Name: _____
Grade: _____

1.

☐
or
☐

2.

☐
or
☐

3.

.....
☐
or
☐

Figuur 6-21: Voorbeeld van *What do you hear?-booklets*

Ritmiese patrone en frases moes herken word [E LV 2007 (1-1); E LV 2007 (2-4)]. Hierdie patrone en frases is op verskeie wyses aan leerders getoon, byvoorbeeld transparante, skyfievertonings of uitdeelstukke. Die opvoeder het 'n patroon of frase uitgevoer en leerders moes aandui watter voorbeeld dit was.

Something sticky [E LV 2007 (1-1); E LV 2007 (1-3)] het kontrasterende begrippe betrek. Twee kontrasterende visuele voorstellings is op stokkies geplaas en leerders moes die begrip wat van toepassing op die musiekvoorbeeld was, vertoon. Kyk Figuur 6-4 vir 'n voorbeeld hiervan.


Tabel 6-21: LV – Evaluering van *what do you hear?* leeraktiwiteite

<i>What do you hear?</i>		<i>Booklets</i>	Herkenning van ritmiese frases	<i>Something sticky</i>
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓	✓	✓
	Verwerk: liggaam	×	×	×
	Vergestalt: aksies	✓	✓	✓
Musikale aksies	Luister	✓	✓	✓
	Skep	×	×	×
	Uitvoer	×	×	✓

Die *hoor* in die *What do you hear?*-leeraktiwiteite impliseer dat daar in hierdie tipe leeraktiwiteite musikale ervaring sal wees. Uit die evaluering blyk dit egter dat dit nie noodwendig so is nie.

6.6 EVALUERING: SKRYFVAARDIGHEDE

Die leeraktiwiteite in skryfvaardighede fokus hoofsaaklik op die bekendstelling van formele kennis. Die leeraktiwiteite neig dus om nie musikale ervaring te bevorder nie. Sommige van die leeraktiwiteite poog egter om aktiewe en praktiese vaardighede in te sluit. Daar is agt hoofgroepe. Die volledige leeraktiwiteite is beskikbaar in Bylae E SV 2007 (1-1) tot E SV 2008 (2-2).



Figuur 6-22: Opsomming van die leeraktiwiteite in skryfvaardighede

- **Besprekings**

Die leerders het hier geleentheid gekry om partiture te bestudeer en te bespreek [E SV 2007 (2-3)]. Die opvoeder het die kontakssessie gelei, terwyl leerders inligting op die partituur moes vind. In die bespreking van musikale praktyk het leerders inligting bekom oor die tydperk van die musiek waar in hulle werk. Soos voorheen aangedui in aktiewe musiekbeluistering (6.2), is hierdie nie die mees effektiewe wyse van leer nie en bevorder dit nie musikale ervaring nie.

- **Diktees**

Die leerders moes kort ritmiese diktees in tweeslagmaat skryf. Die opvoeder het die ritmes vir hulle geklap. Die volgende ritmiese patrone is gebruik:



Figuur 6-23: Voorbeelde van ritmiese frases vir ritmiese diktees


Tabel 6-22: KS – Evaluering van ritmiese diktees

Ritmiese diktees		
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓
	Verwerk: liggaam	✓
	Vergestalt: aksies	✓
Musikale aksies	Luister	✓
	Skep	×
	Uitvoer	×

Nadat die opvoeder die ritmes aan die leerders geklap het, herhaal die leerders dit gewoonlik op verskeie maniere saggies aan hulself om dit te onthou. Hierdie proses gaan meesal met 'n vorm van beweging gepaard. Die leerders neem dus aktief deel aan die leeraktiwiteit en daarom is die skryf van sinvolle ritmiese- en melodiese patrone bevorderlik vir musikale ervaring.

- Grafiese notasie

Nadat leerders bekende liedjies (van hulle keuse) gesing het, het hulle die kontoere met hulle hande aangedui en daarna hierdie kontoere na grafiese notasie omgeskakel [E SV 2007 (1-1)]. Dit is na aanleiding van Bruner se leermodel: leerders neem aktief deel deur die kontoere aan te dui. Die ikoniese beweging word daarna gelei na simbolisering. Figuur 6-24 is 'n voorbeeld van hoe die werkkaart daargeuitsien het.



Figuur 6-24: Voorbeeld van simbolisering

Tabel 6-23: KS – Evaluering van grafiese notasie leeraktiwiteit

Grafiese notasie		
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓
	Verwerk: liggaam	✓
	Vergestalt: aksies	✓
Musikale aksies	Luister	✓
	Skep	✓
	Uitvoer	✓

In die omskakeling van ikoniese beweging na grafiese notasie word musikale ervaring teweeggebring. Dit word vergestalt in die simbool wat die leerders skep.

- Solfa na balknotasie

Nadat die opvoeder die eerste frase van die liedjies, wat hul in 'n vorige onderrigleeraktiwiteit gedoen het, op solfa gesing en die nootwaardes noteer het, moes die leerders die solfa-notasie na balknotasie omskakel [E SV 2007 (1-4); E SV 2008 (1-2)].


Tabel 6-24: KS – Evaluering van solfa na balknotasie

Solfa na balknotasie		
Musikale ervaring	Ingeneem: gehoor	✓
	Verwerk: liggaam	×
	Vergestalt: aksies	✓
Musikale aksies	Luister	✓
	Skep	×
	Uitvoer	×


Die omskakeling van solfa-notasie na balknotasie bevorder nie musikale ervaring nie.

- Werkkaarte

'n Groot aantal werkkaarte is gebruik. Die werkkaarte kan geklassifiseer word as blokkiesraaisels, die oorskryf van musieknotasie, ontsyfering van simbole, voltooiing van werkkaarte en woordsoeklegkaarte. Die werkkaarte behandel verskeie onderwerpe en sluit verskillende aktiwiteite in. Voorbeelde van die verskillende tipe werkkaarte sal vervolgens gegee word:



Figuur 6-25: Voorbeeld van blokkiesraaisel



Figuur 26: Voorbeeld van oorskryf van notasie

Die volgende werkkaarte is voltooi. 'n Werkkaart wat handel oor die komponiste Bach, Handel en Vivaldi is gebruik om agtergrondkennis oor die musikale praktyk te gee. Die vrae het betrekking gehad op algemene inligting oor die komponis en een van hul belangrikste werke.

Names _____ *Group* _____ *Date* _____

The Baroque Period

- Composers -

Use the given letters and clues to complete the texts!

t u c a B G m

a o e f

My name is Johann Sebastian _____. I was born in 1685 in _____ and _____. I had 20 children! One of my great organ works is the _____ and _____ in a minor.

South Africa

I was baptised George Frederic Handel. My father wanted me to become a _____, but instead I became a _____ and a harpsichordist. I also played the _____ and loved composing! People rose to their _____ when they heard my Hallelujah Chorus.

~ ~ ~ ~ ~

They called me the 'Red Priest', but my name is Antonio Vivaldi. You have heard some of my music before. It is called The _____ Seasons.

Figuur 6-27: Voorbeeld van werkkaart oor komponiste

In die volgende werkkaart (Figuur 6-28) is sekere inligting en note uitgelaat. Riglyne is aan die leerders gegee, sodat die ontbreekte inligting ingevul kon word.

di Valse

We love to dance In the moon-light

A tempo

But if we should fall down That will give me a fright

Name: _____

Figuur 6-28: Voltooiing van werkkaart

W	E	F	L	L	D	O	N
S	T	A	C	C	A	T	O
E	Y	S	O	U	H	A	T
V	P	T	E	S	F	O	A
H	I	G	H	L	U	N	G
D	A	A	F	O	R	T	E
L	N	L	T	W	H	E	L
L	O	W	W	O	R	D	S

staccato

high

forte

fast

After you've crossed out all the letters of the words you've found, write the remaining letters on the following lines to decode a hidden message...

_____!! _____

_____! _____

In this word search puzzle 8 musical terms are hiding. Can you find them all? Complete the table.

What do they have in common? _____

O	T	T	E	R	G	E	L	L	A	T	T	H
E	S	E	A	R	E	A	L	L	C	M	E	U
S	I	C	T	E	O	R	M	S	C	T	M	H
A	A	T	H	A	D	O	T	S	E	R	P	V
E	L	T	O	D	N	O	W	I	L	T	O	H
T	L	E	M	P	A	O	I	N	E	D	D	I
T	E	M	P	O	D	I	M	A	R	C	I	A
C	G	A	T	I	R	O	N	O	A	R	V	T
H	R	E	C	H	A	A	N	G	N	I	A	N
G	O	O	F	T	T	E	M	P	D	I	L	W
E	A	D	A	G	I	O	L	L	O	D	S	O
N	E	Y	O	U	R	R	E	G	O	O	E	D

	Musical term	Meaning
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		

Figuur 6-29: Voorbeelde van woordsoeklegkaarte

Die werkkaarte moet geïntegreer word met ander leeraktiwiteite sodat dit effektiewe onderrig tot gevolg kan hê. Soos afgelei kan word, is werkkaarte in die algemeen nie bevorderlik vir musikale ervaring nie.

6.7 SAMEVATTING

In die *Musicianship*-subprojek is daar dus verskeie leeraktiwiteite in elke onderrigleeraktiwiteit aangebied. Die doel van hierdie leeraktiwiteite was om die leerders se kennis te vermeerder, hul vaardighede te verbeter en om 'n gesindheidsverandering mee te bring. Elliott (1995) se konsep van *musicianship* kan by Kirkpatrick (1998) se evaluering van vlak 2: leer ingeskakel word. Soos verduidelik is, word *musicianship* deur musikale ervaring geaktiveer, en daarom is slegs hierdie aspek in die leeraktiwiteite ondersoek.

Uit die evaluering van die onderrigleeraktiwiteite het die volgende duidelik geword: sommige leeraktiwiteite mag dalk musikale aksies betrek, maar bevorder nie noodwendig musikale ervaring nie. Dit sluit die volgende leeraktiwiteite in: leeraktiwiteite met slegs besprekings (met of sonder luister); passiewe luister; vergelyking van werke; individuele klavierspel deur instruksies te volg; lees en uitvoer; en die voltooiing van werkkaarte. Leeraktiwiteite wat musikale ervaring kan bevorder is leeraktiwiteite wat enige vorm van beweging betrek, die skryf van ritmiese diktees en konsertvoorbereiding. Die leeraktiwiteite wat nie 'n bydrae tot musikale ervaring lewer nie, sou met ander leeraktiwiteite, wat dit wel aanspreek, gekombineer kon word. Daar moet egter gestrewe word om soveel as moontlik leeraktiwiteite te gebruik wat musikale ervaring ondersteun.